



'n Herinnering aan die Spesiale Lewe van 'n Unieke Mens

Urich Nel

11 Januarie 1987 – 18 Januarie 2012

Deur Urich se ma, Mariska Nel, op 8 Februarie 2012

18 Januarie 2012. Ek kom die middag so 16:20 se kant van die werk af tuis. Gewoonlik kom my seun, Urich, na die motor om my te help om my skootrekenaar en sakke huistoe te dra. Vandag het hy my seker nie hoor kom nie...

Ek is veral opgewonde om hom te sien, om te hoor hoe dit toe met sy onderhoud gegaan het. Hy het 'n paar maande gelede teruggekom huistoe nadat hy vir twee en 'n half jaar as fotograaf op passasierskepe gewerk het. 'n Plaaslike fotograaf wat op een van die skepe vakansie gehou het, het Urich sien werk, was beïndruk, en het gesê as hy weer tuis is, moet hy hom kom sien vir moontlike werk.

Ek haal die pos uit en speel 'n rukkie met die honde in die tuin. Nee wat, hy sit seker weer voor die rekenaar met oorfone op en kom nie agter dat ek tuis is nie.

Ek sluit die voordeur oop. O gaaf, Urich het ons weeklikse plaaslike koerantjie in die straat gaan optel en in die voorportaal neergesit. Ek loop verby sy toe kamerdeur, klap met die koerant daarteen en sê: "Hallo."

Geen reaksie nie.

Ek stoot die deur stadig oop.

"Uri...?"

Daar is 'n snaakse reuk in die kamer.

Ek stoot die deur verder oop. Nou hoekom lê Urich op die vloer tussen sy bed en lessenaar en slaap?

Op daardie oomblik verander my en my gesin se lewens vir altyd.

Urich het homself geskiet!

Ongeloof, skok, dit kan nie waar wees nie!

My brein skakel oor na "auto-pilot". Ek hardloop na ons slaapkamer, gryp my selfoon en bel my man. Ek hardloop terug na Urich se kamer en vat aan sy been en toe sy rug. Hy voel nog warm. Ek voel sy pols, maar weet alreeds dat ek niks sal kry nie. Weer terug na my slaapkamer. Skielik is my vingers dom en ek sukkel 'n hele rukkie om die noodnommer gebel te kry. Daarna is dit 'n warboel van mense: noodpersoneel, brandweerpersoneel, polisie, speurder, nuuskieriges, en mense wat vir ons omgee. Die dae daarna gaan in 'n waas verby.

Dit is nou drie weke later. Ek en my man voel dat ons vrede gemaak het, hoewel daar nog 'n swaar gevoel om ons harte is. Ek weet dit klink of dit heeltemal te gou is, en ons dink ook amper so, maar dit is hoe ons op die oomblik voel.

Urich het 'n brief nagelaat waarin hy verduidelik het hoe hy voel. Ons het met van sy vriende gepraat wat vir ons 'n paar dinge duideliker gemaak het. Dit voel of byna al die vrae wat ons gehad het, beantwoord is. Ons verstaan hoekom hy gedink het dat dit vir hom nodig was.

Ons kind was 'n sensitiewe mens. Hy het altyd ander probeer help waar hy kon. Ek dink hy het hom soms ander se probleme meer aangetrek as wat nodig was. Hy het ook gevoel dat hy die perfekte seun, perfekte vriend en perfekte geliefde moes wees. Die standaard wat hy aan homself gestel het, was te hoog vir hom om te bereik en dit het hom frustreer.

Ons het eers ná sy dood uitgevind presies hoe talentvol hy was; dat hy gedigte en liedjies geskryf het, en baie skeepsvriende gehelp het om by die seelewe aan te pas. Hy het baie dinge baie privaat gehou.

Facebook – van alle dinge – het vir ons in die laaste paar weke baie berusting gebring. Van vriende regoor die wêreld wat Urich op die skepe leer ken het en van wie ons nie eens geweet het nie, het ons soveel bemoedigende boodskappe gekry en soveel mooi dinge oor hom gehoor.

Ek is so trots op wat my seun in sy kort lewe bereik en gedoen het. Tot op die einde was hy nog ons vrolike, grappige poetsbakker. Sy demone het hy baie goed vir ons weggesteek.

Hy het self in sy laaste brief gesê dat hy die wêreld gesien, baie goeie vriende gemaak en die liefde van sy lewe gevind het. Hy het gevoel dat hy sy lewe op hierdie hoogtepunt wil afsluit, "want daar kan niks beter wees nie".

Urich Nel, "photog" van formaat, het in sy 25 jaar meer geleef as baie ander mense in 80 jaar. My sonskyn-seun, ons mis jou vreeslik, maar jou mooi herinneringe sal altyd in ons harte voortleef...

